

Hoofstuk 6.

Die betrokkenheid van die inwoners tydens die Eerste Vryheidsoorlog.

6.1. Geleidelike verset.

Die Potchefstromers, wat soos ons reeds gesien het, 'n sterk Engelse bevolkingselement bevat het, is deur die anneksasie van Transvaal in 1877 en die politieke onderstrominge wat daarop gevolg het, erg verdeel. Daar was aan die eenkant die groep wat die republikeinse saak gesteun het en aan die anderkant was 'n groep wat Britse inmenging verwelkom het. Die pro-Britse element het hoofsaaklik uit die Engelstaliges bestaan wat ten gunste van die anneksasie was en wat soos die Britse bevelvoerders geglo het dat die Boere hulle met die anneksasie versoen het of minstens nie in openlike verset sou oorgaan nie. Na die anneksasie was A.M. Goetz 'n amptenare in Potchefstroom bereid om in die nuwe bewind te dien (Haasbroek, 1955, p.116).

Die pro-republikeine het egter die skok van die anneksasie algaande afgeskud en nie slegs aan opstand begin dink nie maar al meer daarvoor begin voorberei (Heyns, pp.68 en 75).

Die dorpenaars en boere in die Potchefstroomse geweste was deurgaans in 'n nuwe voeling met die besluite van volksvergaderings wat deur die loop van 1879 en 1880 te Wonderfontein en Paardekraal plaasgevind het. Die Republikeinse lojaliste

in Potchefstroom se houding ten opsigte van die anneksasie het ooreengekom met die algemene gevoel van verzet wat by die vergaderings geheers het.

In die loop van 1880 het alle oë op Potchefstroom gevestig geraak waar gebeure die lont van die Eerste Vryheidsoorlog sou aansteek. Gedurende dié jaar het sekere boere van die Gatsrand en Schoonspruit wyke geweier om hulle belastinge te betaal. Hierop is dagvaardigings deur landdros Goetz aan hulle gestuur waarin gepoog is om hulle te oorreed om hul agterstallige belasting te betaal. Hierna het boere onder toenemende protes hul agterstallige belastinge betaal. n Verdere demonstrasie van verzet was die samekoms van ongeveer 300 gewapende manne naby die dorp wat geprotesteer het teen die inhegtenisname van oud-president M.W. Pretorius op n aanklag van hoogverraad (Van den Bergh, 1974, p.79).

Na die gebeure het die Bezuidenhoutwa-voorval gevolg. Ene Bezuidenhout het geweier om £27-10-0 aan plaasbelasting te betaal omdat die bedrag nie in verhouding was met die grootte van sy plaas nie. In n hofsaak wat gevolg het, is die bedrag in sy guns reggestel maar die landdros het Bezuidenhout vir £8-0-0 hofonkostes aangeskryf. Hy het geweier om te betaal en sy wa is gekonfiskeer om ter delging van die uitstaande bedrag opgeveil te word. Toe die geregtelike verkoping op 11 November in aanvang wou neem, het n groepie Boere die geregsbode van die wa afgestamp, dit na n span osse daar naby gesleep en daarmee vertrek.

Hierop het die pro-Britse landdros Goetz, wat deeglik bekend was met die gemoedere van die Potchefstroomse distrik, Britse gesagvoerders in Pretoria versoek om daadwerklike stappe te neem om sy kwynende gesag te versterk. In n brief aan die koloniale sekretaris skryf Goetz dat hy die optrede van die Boere in n ernstige lig beskou en dat dit oor die hele distrik sou versprei indien daar nie vroegtydig teen hulle opgetree sou word nie (N 1163/80, Goetz-Koloniale Sekretaris 11/11/80, Orford Versameling).

Goetze se brief het trae reaksie aan die kant van die regering uitgelok. Hulle het Kaptein Raaff as spesiale polisie-kommissaris na Potchefstroom gestuur om n spesiale polisiemag op die been te bring, uitsluitlik met die doel om Cronjé en sy pro-republikeinse belhamels te arresteer (De Volkstem, 20 November 1880). Weens die onvermoë van Raaff om Cronjé te arresteer het die regering majoor Clarke as spesiale kommissaris na Potchefstroom gestuur om beide die polisiebevel by Raaff en die burgerlike gesag by Goetz oor te neem (Bellairs, 1972, p.50).

Na die Bezuidenhoutwa-voorval het gevoelens tussen die pro-Britse en pro-republikeinse inwoners merkbaar versleg. Die pro-Britse inwoners het die Bezuidenhout voorval as n direkte daad van verset teen Koningin Victoria en die Britse regering beskou terwyl die pro-republikeinse inwoner die ferme houding wat deur die plaaslike Boere opgeneem is, goedgepraat het.

Weilbach en Du Plessis (1882, p.189) verwys ook spottend na n derde groep persone wat as "weegluizen" bekend gestaan het. Dit was persone wat nie teen die Boere of Engelse gekant was nie, wat ook nie vir een van die partye gestaan het nie maar verkies het om neutraal te staan. Die soort van karakter het hy as ellendig en gevaarlik bestempel.

Spanning tussen die twee groepe het steeds toegeneem en die Boere het opgemerk dat Engelse inwoners onbeleefd teenoor hulle begin optree het. Eers het die gemoedelike handdruk verdwyn en uiteindelik selfs n kopknik (Weilbach en du Plessis, 1882, p.189). Aan die ander kant was die Boere self al meer vyandig en gevoelens het veral hoog geloop teen die pro-Britse landdros Goetz. Majoor Clarke se koms was volgens die republikeine n verskoning vir Goetz om afstand te doen van sy verantwoordelikhede (De Volkstem, 17.12.1880). Hieruit blyk dit dat hy volgens hulle te swak was om orde in die dorp te handhaaf en dat hy na sy Britse vriende opgesien het om dit te doen.

6.2. Aankoms van Britse- en Boere troepe.

Om die Potchefstroomse inwoners met Britse gesag te beïndruk en die rebelle tot hulle sinne te bring, het die regering in Pretoria op aanbeveling van brigadier-generaal Bellairs, 231 troepe na Potchefstroom gestuur (Winsloe, p.3). Dit was bloot n Britse gesagsdemonstrasie en daar was geen werklike militêre optrede met hulle beoog nie aangesien nog geen ernstige probleme op daardie stadium verwag is nie

(Bellairs, 1972, p.49). Die Pretoria bewindhebbers het geglo dat die beroeringe in Potchefstroom 'n plaaslike opstootjie was wat beëindig sou word met die inhegtenisneming van die belhamels (Van den Bergh, 1974, p.80).

Die troepe se aankoms het 'n heel ander uitwerking gehad as wat die Pretoria bewind verwag het. In plaas daarvan om die Boere bang te maak met hulle demonstrasie van gesag, het dit die Boere net meer verbitterd teen die Imperiale gesagvoerders gemaak (Van Dam, I, p.38). Die troepe se aankoms het agterdog onder die pro-republikeinse inwoners meegebring wat dit as 'n stap van die Britse owerheid gesien het om Cronjé en Bezuidenhout te arresteer, wat inderdaad die geval was (De Volkstem, 17 Desember 1880). Spanning onder die inwoners het verder toegeneem toe die regering op 14 Desember 'n waarskuwing teen gewapende burgers wat gemoedere opgesweep het, in die Staatskoerant gepubliseer het (Goewermentskennisgewing, No 264/80).

In kontras met die spanning wat onder die inwoners geheers het, was die onbesorgdheid aan die kant van Winsloe. Hy het sy besoek aan Potchefstroom as 'n aangename afleiding gesien van die aksie wat hy pas in Zoeloeland beleef het. Hoewel hy bewus was van ontevredenheid onder die boere aangaande belastings, het hy gerus genoeg gevoel om op dieselfde aand van sy aankoms 'n sosiale besoek aan die Portugese konsul, kavalier Forssman te bring (Winsloe, p.5).

Daarteenoor was majoor Clarke wat hom reeds as diplomaat en

soldaat teen Sekhukhune in Oos-Transvaal onderskei het, bewus van die plofbare toestand in Potchefstroom en het die Boere nie onderskat nie. Dit blyk uit sy optrede op 13 Desember 1880 waartydens hy 'n vergadering belê het om veiligheidsmaatreëls ten opsigte van die vrouens en kinders in die dorp te bespreek. Die vergadering is egter swak bygewoon as gevolg van die wantroue en agterdog wat onder 'n deel van die inwoners teen die Britse troepe geheers het (R 704/81 Clarke-Lanyon, 2.4.1881).

6.2.1. Aankoms van Cronjé.

Die Zuid-Afrikaansche regering was by wyse van 'n proklamasie te Paardekraal op 13 Desember herstel en die eerste taak van die voorlopige regering wat daar aangewys is, was om die proklamasie te laat druk sodat die inhoud daarvan onder die algemene publiek se aandag gebring kon word om sodoende militêre steun vir die stryd teen die Britse regering te bekom. Die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog hang ten nouste saam met die opdrag aan Cronjé om die vryheidsproklamasie by Borrius se drukkerij in Potchefstroom te laat druk. Op 14 Desember het Cronjé met 400 man na Potchefstroom vertrek om die opdrag uit te voer en die kopieë van die proklamasie na die regering wat sy setel in Heidelberg voorlopig gevestig het, te stuur (Besluite te Paardekraal 14.12.1880, Boere Voormanne 17, p.39).

Cronjé het om ongeveer 13h00 op 15 Desember noord van Wasgoedspruit, voor oud-president M.W. Pretorius se huis laer

getrek (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.149). Van hier is Cronjé onmiddellik met ongeveer 100 man na die drukkery van Borrius op die hoek van Kerk- en Lombardstraat om sy taak ten uitvoer te bring. n Aantal klein patrollies het die dorp sonder weerstand deurkruis terwyl Cronjé wagte om die drukkery geplaas het en Borrius van persoonlike beskerming verseker het.

Dieselfde middag het Clarke en Raaff na die drukkery gery om met Cronjé te onderhandel. Nadat laasgenoemde sy opdrag aan hulle meegedeel het, het hulle teruggekeer landdroskantoor toe. Kort daarna het Clarke n brief aan Borrius geskryf waarin hy hom gewaarsku het teen die publikasie van sediseuse geskrifte (Clarke-Borrius, Boere Voormanne 3, p.79). Clarke, die Britse offisiere en stadsamptenary besef dat gegte nie uitgelsuit was nie en om die landdroskantoor kon wentel. Clarke het dieselfde dag nog n kennisgewing aan inwoners om Kerk- en Markplein gestuur waarin hulle meegedeel was dat hulle beskerming in die fort buite die dorp kon verkry indien vyandelikhede rondom die landdroskantoor sou uitbreek (Van Dam, I, p.63; Carter, 1896, p.118). Die inwoners was trouens daarop gewys dat hulle in die geval van n oorlog in die spervuur van die verdediging van die landdroskompleks sou wees. Hierop het verskeie persone skuiling in die fort gaan seek terwyl enkeles besluit het dat dit veiliger sou wees om die dorp te verlaat en het uitgewyk na die Vrystaat en Kimberley (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.139).

Sonder enige weerstand het die dorp in die hande van Cronjé oorgegaan en binne enkele ure het Boerepatrollies die strate gepatrolleer en inwoners wat in die rigting van die drukkerij beweeg het, voorgekeer (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.150; Winsloe, p.6).

6.3. Uitbreek van vyandelikhede.

Op 15 Desember 1880 was alle oë op Potchefstroom gerig waar spanning vinnig besig was om 'n breekpunt te bereik en wat deur een enkele insident tot 'n uitbarsting sou lei. Die volgende dag, 16 Desember, het die Robbertse-voorval plaasgevind en daarmee is die Eerste Vryheidsoorlog ingelei.

Oor wie die eerste skoot geskiet het, is egter van weinig meer as akademiese belang aangesien daar vir die ontstaan van vyandelikhede teen die tyd genoeg provokasie aan beide kante was. Kommandant Robbertse het die oggend van 16 Desember in opdrag van Cronjé, sekere wagposte aan die westelike rand van die dorp gaan besoek. Toe die Boerepatrolië tussen die fort en tronk deurgery het en uittartende aanmerkings teenoor die Engelse troepe gemaak het, het Winsloe 'n aantal berede troepe gestuur om die Boere te waarsku om dit nie te naby aan die fort te waag nie (Carter, 1896, p.118; Winsloe, p.6). Met die aankoms van die berede troepe het die Boerepatrolië omgedraai en na die dorp teruggekeer. In die proses is skote deur die Britse troepe op die patrole gevuur en kommandant Robbertse in die arm verwond (Vijandelikhede te Potchefstroom, Buitengewone Staatscourant 12.1.81,

p.8). Terwyl dominee Jooste Robbertse se word versorg het, het twee lede van die patrollie hulle na Cronjé by die drukkerij gehaas om die voorval te rapporteer. Onmiddellik nadat Cronjé die nuus van Robbertse ontvang het, het hy sy manne in drie rigtings gestuur om met die Britte slaags te raak (Cronjé - Vise president en Regering, Boere voormanne 3, p.76; Weilbach en Du Plessis, 1882, p.151).

Een afdeling is by die drukpers gelaat waar die drukwerk van die Vryheidsproklamasie nog aan die gang was. n Tweede afdeling van ongeveer 100 man is na die Markplein gestuur om vandaar n aanval op die landdroskantoor te loods. n Derde afdeling is onder kommandant Oosthuizen na die suidekant van die dorp gestuur om die fort van daárdie rigting te nader terwyl Cronjé self in bevel was van die vierde afdeling wat in die rigting van dokter Poortman se huis gery het om vandaar n moontlike aanval op die fort te loods.

Met die aanvang van geweervuur op die Kerk- en Markplein het chaos onder die inwoners uitgebreek. Hewige vuur het aan albei kante losgebars terwyl paniek onder die dorpenaars uitgebreek het. Hoewel meeste inwoners in hulle huise was tydens die vuur van die eerste skote, was ander nie so gelukkig nie en het in die spervuur gekom. Mans, vrouens en kinders het voor die koeëls gevlug en die meeste het skuiling in verskillende huise en besighede in Kerkstraat gevind (Diary of events, p.7).

Intussen het Cronjé opdrag gegee dat die poskoets wat voor

die Royal hotel gereed gestaan het om na Kimberley te vertrek, gekeer moes word. Passasiers wat reeds sitplek ingeneem het, het die hotel ingevlug en agter geslote deure gaan skuil. (Diary of events, p.7; Weilbach en du Plessis, 1882, p.151).

Clarke het die landdros versoek om burgerlikes, wat aan die oorkant van die landdroskantoor gewoon het, te waarsku om pad te gee. Op sy beurt het Cronjé 'n kennisgewing aan burgerlikes wat in hulle huise geskuil het, gestuur waarin hulle versoek is om van die strate om Kerk- en Markplein weg te bly (Kennisgewing aan inwoners, Boere Voormanne 25, p.38).

6.4. Burgerlike Gesindhede.

Die feit dat slegs 'n klein gedeelte van die Potchefstroomse inwoners pro-Brits was, het Cronjé se burgerlike administrasie probleme ten tye van die beleg tot 'n minimum beperk (Van den Bergh, 1974, p.83). Met die aanvang van vyandelikhede het Cronjé deur middel van simpatiseerders volledige inligting bekom oor die besetting van die landdroskantoor en tronk terwyl hy reeds vroeër op hoogte gebring was met bedrywigheide in die fort. Die oorgrote meerderheid inwoners het min simpatie met die Britse bewind gehad en het openlik hulle steun aan die republikeinse saak gegee soos blyk uit die feit dat dit Raaff baie moeite gekos het om vrywilligerpolisie te werf vir die Britse saak (Rundle, 1882, p.8; Winsloe, pp. 4 - 5).

Daar was veral een persoon wat sy lojaliteit aan die Boere-saak deur en deur bewys het. Dit was die drukker Borrius aan wie die taak opgedra was om die vryheidsproklamasie te druk. Borrius het sonder versuim die druk van sy koerant, De Transvaal, gestaak en begin met die druk van die vryheidsproklamasie. Hierdie stap het hom aan Britse vervolging blootgestel en het dan ook dieselfde middag om sesuur 'n brief van Clarke ontvang waarin hy gewaarsku is teen die druk van die proklamasie. Die brief van Clarke het as volg gelei: "Ik waarschuw u, dat gij verantwoordelijk zult gehouden worden voor eenig oproerig of onwettig document door u gedrukt, of dat uit uwe pers verskijnt, en dat, indien gij deze waarschuwing verzuimt of weigert te gehoorzamen, gij met de uiterste gestrengheid der wet zult gestraft worden"(Vijandelikhede te Potchefstroom, Buitengewone Staatscourant 12.1.81, p.5).

Cronjé het Borrius egter van persoonlike beskerming verseker en laasgenoemde het die waarskuwende brief geïgnoreer en voortgegaan met die voorbereiding van die druk van die proklamasie. Die nag van 15 tot 16 Desember het Borrius eiehandig die dokument gedruk nadat die drukkerpersoneel uit vrees weggeloop het. Ook het hy dwarsdeur die oorlog wat sou volg, sy drukkerij in diens van die Republikeinse owerheid gestel, eers deur die proklamasie te druk en daarna die Staatskoerant elke week. Hy was een van die Hollanders wat hulle heeltemal vereenselwig het met hulle nuwe aangenome vaderland en het met sy optrede bewys dat hy 'n Afrikaner geword het. Ook sy vrou het haar deel bygedra tydens die

beleg. Saam met mevrou Buskes, die prokureursvrou, het hulle lapballe gemaak en in olie gedoop en is deur die Boere brandend op die rietdak van die landdroskantoor gegooi (Vermooten, 1945, p.52).

Slegs enkele persone was bereid om openlik kant te kies vir die Britse saak. n Rede hiervoor kan wees dat hulle bang was omdat hulle in n pro-Republikeinse atmosfeer was en die gramskap van hulle mededorpenaars op die hals kon haal. Die meeste winkeleienaars, hoewel hulle Britte was, was versigtig om openlik kant te kies vir die Britse saak omdat hulle bang was dat hulle deur sulke optrede hul vele Boere kliënte sou verloor wat gevolglik finansiële verliese sou meebring. Daar was van hulle wat die Britse saak in die geheim gesteun het maar wanneer hulle agter die winkel se toonbank gestaan het, het hulle hulself vriendelik voorgedhou teenoor die Boere (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.189). Ander winkeleienaars het egter openlik kant gekies teen die Britse saak (Winsloe, p.4).

Onder die burgerlikes wat Winsloe en sy troepe openlik gesteun het, was kavalier Forssman en sy familie, Smart van die Standard Bank en Green, die poskondukteur (Le Roux, 1976, p.45).

Die nag van 15 Desember, die dag waarop die Boeremagte hulle verskyning gemaak het, het Forssman en sy gesin, dokter Sketchley en sy vrou, ene Palmer, twee dames wat as onderwyseresse op Potchefstroom gewerk het en die drie Nelson

broers skuiling in die fort gaan seek (Weilbach en Du Plessis, 1832, pp.153 - 154; Winsloe p.5). Hierdie groepie het die fort as die veiligste hawe gesien indien moontlike vyandelikhede sou uitbreek. Min het hulle geweet van die haglike toestande wat op hulle gewag het in die loop van die volgende drie maande.

Van Dam beweer dat diegene wat van die aanbod gebruik gemaak het om in die fort te gaan skuil, juis persone was wat beskerming nie nodig gehad het nie. Die heer Forssman en sy gesin was nie naby Kerk- of Markplein woonagtig nie en was dus uit onmiddellike gevaar gewees. Boonop was hy as die Portugese konsul-generaal van Portugal, deur die regering van president Burgers erken en indien hy die Portugese vlag bo sy huis gehys het, sou hy beter beskerming geniet het as wat die geval in die fort was (Van Dam, 1, p.64). Soos dit egter was het sy ontruimde winkel en huis vir die Boere as gevangenis gedien (sien p.100). Forssman se dogter wat die eggenote van dokter Sketchley was het aan die begin van 1881 in die fort gesterf as gevolg van koors wat veroorsaak is deur die swak toestande wat in die fort geheers het.

Dit is moeilik om te verstaan waarom burgerlikes na die fort gevlug het. Die Boere se offensief was immers gemik teen die Britse troepe wat in die landdroskompleks en fort gestasioneer was. Indien burgerlikes hulle stil sou gedra het en hulle nie skuldig gemaak het aan ongeruimdheid nie sou daar geen rede gewees het om bang te wees of optrede deur die Boere te vrees nie.

Die lojale Smart was op dieselfde aand, 15 Desember, deur 'n Boerepatroolie voorgekeer nadat hy 'n besoek aan kaptein Falls in die landdroskantoor gebring het. Hy is op 'n aanklag van hoogverraad aangehou omdat hy sou geweier het om 'n tjek aan die krygsraad te wissel aangesien hy nie die formele magtiging daartoe gehad het nie. Nadat hy skriftelike waarborg verkry het is die geld aan die Boere voorsien en was hy toegelaat om huis toe te gaan (Rundle, 1882, p.9).

Nog 'n burgerlike wat die Britse anneksasie en die teenwoordigheid van Winsloe se troepe goedgekeur het was dominee Jooste van die Nederduits Gereformeerde Kerk. In 'n brief aan Lanyon van 13 November 1880 het hy die hoop uitgespreek dat die oproeriges (waarskynlik verwys hy na die Bezuidenhout-wa-episode) kortgevat sou word en dat die Britse posisie in Transvaal onveranderd sou bly (Vijandelikhede te Potchefstroom, Buitengewone Staatscourant 9.2.81, p.21; Weilbach en Du Plessis, 1882, pp.200 - 201). Ook het hy op 10 Desember 'n brief aan majoor Clarke gerig waarin hy aansoek gedoen het om 'n permit vir 1000 patrone. Hy het aangevoer dat die ammunisie vir selfverdedigingsdoeleindes was. Dit was egter 'n buitensporige aanvraag as in ag geneem word dat die landdros daaraan gewoond was om permitte uit te reik vir slegs 100 patrone op 'n slag. Dit het dus voorgekom asof Jooste die pastorie in 'n soort wagpos wou omskep om Britse troepe te help tydens gevegte met die Boeremag. Die ligging van die pastorie tussen die fort en landdroskantoor versterk so 'n vermoede. Tydens die eerste skermutseling tussen die Boere en Britse troepe is kommandant Robbertse in die arm

verwond. Die boere het by Jooste aangeklop vir hulp en nadat laasgenoemde Robbertse se wond verbind het, het hy inderhaas die weg gevind Hartbeesfontein toe. Op pad is hy deur die Britte as die vyand aangesien en moes hy die vernedering smaak om op gevuur te word. Ongelukkig vir Jooste het die burgers na sy haastige vertrek 'n afskrif van die brief wat hy aan Lanyon gerig het, in sy huis gekry. Dit het hom 'n ongewenste persoon in Potchefstroom gemaak en hy is beskou as 'n verraaier.

Jooste het 'n ommeswaai in sy gesindheid getoon toe hy 'n beëdigde verklaring aan Cronjé, vanaf Brandfort in die Oranje Vrystaat, gestuur het waarin hy beweer dat die brief wat in sy huis gevind was nie 'n afskrif was nie maar die oorspronklike. Volgens Jooste het hy nooit die brief aan Lanyon geos nie (Jooste aan Cronjé, Boere Voormanne 7, pp.129 - 130). Ironies genoeg is dat Jooste se woning die enigste gebou was wat gedurende die beleg verwoes is. Dokter Poortman se huis, wat soos die pastorie aan die westelike buite wyke geleë was, is ook deur Britse kanon- en geweervuur getref maar het staande gebly.

Wat steun aan die Engelse in die Potchefstroomse distrik betref moet in gedagte gehou word dat dit hoofsaaklik Boere was wat daar gewoon het en dat hulle simpatie by die Boere gelê het. Dit wil egter voorkom asof daar in die westelike omgewing van die distrik pro-Britse inwoners was, veral 'n groep resente intrekkeurs uit die Kaap (Van Dam 1, p.66).

6.5. Samevatting.

Dit blyk dus uit gegewens dat die oorgrote meerderheid inwoners in Potchefstroom hulle aan die kant van die Boere geskaar het en alles in hulle vermoë gedoen het om Cronjé se militêre optrede teen die Britte so glad as moontlik te laat verloop. Daarteenoor het enkele pro-Britse inwoners verkies om die dorp te verlaat of in die fort te gaan skuil.